# 14 Junie 2023 - Lesing 48 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Laaste skeiding - Die koms van die Meester – 29/11/57

**NO: 6979** Daar was deur alle tye mense wat hulle aan die invloed van My teenstander (Satan) oorgegee het, maar ook diegene wat weer ernstig na My (Vader) gestreef en hulle aardse lewensdoel vervul het. En op die aarde sal daar **altyd mense van beide soorte wees**, solank as wat die aarde vir die geestelike as verblyfplek sal dien.

Altyd sal daar voor die einde van 'n verlossingsperiode die aantal van hulle wat hulleself aan My teenstander oorgegee het, die aantal mense wat na My strewe, **by verre oorskry**, soos wat daar in die begin van 'n ontwikkelingsperiode, egter die omgekeerde die geval sal wees. Want in die begin van so 'n periode sal die aarde slegs die mense tot verblyfplek dien wie My Wil heeltemal aanvaar het en op wie My teenstander geen enkele invloed meer kan uitoefen nie.

Sodoende staan mens in die tyd voor die einde in verwondering dat die aktiwiteit van My teenstander homself steeds meer laat sien. Daar is egter op aarde diegene wat geestelik beliggaam is, wat in sy weerstand teen My slegs weinig verswak is, ofskoon hy ook die eindelose lange weg deur die skeppings gegaan het. En hy het daardeur 'n sekere toestand van rypheid bereik wat 'n beliggaming as mens toegelaat het.

En nou bestaan daar dus ook die moontlikheid dat hy die wilsbeproewing op aarde sal deurstaan omdat, ten spyte van die versterkte aktiwiteit van My teenstander, Ek ook buitengewone hulp sal verleen en My ontferm oor die verswakte mensdom. Maar meestal sal die weerstand in hulle opnuut na vore kom, daarom het die teenstander 'n maklike werk om hulle terug te wen.

Dat daar egter **in die eindtyd ook besonder gelowige mense sal wees**, wat met alle ywer My ryk sal probeer verwerf, is 'n bewys dat dit moontlik is, ondanks die versterkte inwerking van die teenstander.

Maar die meeste van die mense wat nou op aarde lewe, bied My al baie lank weerstand, anders was hulle reeds voor hierdie tyd tot beliggaming toegelaat. Uitgesonder hiervan is die **enkele siele** wat op die aarde gekom het met 'n doel om die mensdom in die groot geestelike nood te help.

Dit gaan dus oor die laaste skeiding, die kaf word van die koring geskei en vooraf word alles gedoen om 'n goeie oes te behaal. Alle siele word gehelp om hulleself vry te maak van hom, aan wie hulle reeds vir ewighede geketting was, **maar die definitiewe beslissing lê by hulleself.**

Die mense kan nou al konstateer dat 'n waarlik **sataniese gees in die wêreld heers**, dat die mense 'n prooi van hom is en gewilliglik uitvoer wat hy hulle beveel om te doen. **Die wêreld is vol duiwels** en dit sal nog duideliker word hoe nader ons aan die einde kom. Want waar daar maar een mens van swakke wil is, sluip hy na binne en versterk hierdie wil op 'n negatiewe manier, sodat daar dinge in die wêreld gaan gebeur wat slegs die Satan as oorsprong kan hê.

En omdat die aantal van hulle wat hom onderdanig is, oorheers, **sal die stryd ontbrand teen die kleiner skare van Myne** wat My as doel sal hê, wat aan My getrou wil bly en sodoende aan hierdie aanvalle blootgestel sal wees.

Hierdie weiniges sal ook weet dat die tyd ten einde geloop het en **sal My wederkoms verwag**, omdat die nood ondraaglik sal word waaruit Ek hulle sal red, soos wat Ek dit aan hulle beloof het.

Die mense hou hulle maar weinig by hierdie beloftes, asook aan die voorspellings aangaande die einde. Hulle is nie meer in staat om te glo nie, omdat dit 'n ander tyd is waarin hulle lewe en al die geestelike lyk vir hulle onrealisties. Maar hulle hoef maar **net ernstig bedag te wees op die verskynsels** wat elkeen rondom homself kan ervaar of waarneem en hulle moet dan ook aan die voorspellings dink wat op hierdie tyd wys en ook aan die gevolge.

**My teenstander sal aan die einde groot mag hê**. Dit is voorspel en dit kan ook deur alle mense ingesien word dat die mense onder die invloed van Satan staan, geheel onverskillig of hulle dit wil aanneem of nie, - want sy aktiwiteit is onmiskenbaar.

Maar ook My arbeiders sal nagegaan moet word, want hulle sal hulle aan My Self moet bewys: 'n Mag wat sterker is as die ander een. **Ook Ek openbaar Myself aan hulle wat hulle afsonder van die teenoorgestelde gees,** die wat hulle aan My oorgegee het en My om krag en hulp bid.

En Ek sal My **sigbaar aan hulle openbaar** wanneer die dag aanbreek dat Ek die bokke van die skape sal skei, **wanneer Ek My teenstander sal bind en sy aanhang saam met hom**, as Ek diegene wat Myne is, sal red uit hulle nood en hulle **lewend wegneem van hierdie aarde,** sodat hulle My MAG en HEERLIKHEID kan ondervind, - getrou aan My belofte. Amein.